



# TOER 'N HOND UIT 'N BOS


Dis nie maklik om jou hond by die huis te los as jy op vakansie gaan nie. Vat hom saam! **François Haasbroek** en sy twee honde ry 'n wye draai deur die Klein-Karoo en die Tuinroete.  
En ja, honde is welkom.

WOORDE EN FOTO'S **FRANÇOIS HAASBROEK**



POTE NAT. Daar is nie veel strande in die  
streek waar honde nog vrylik toegelaat word  
nie. By die Glentana-strand kan jy egter met jou  
honde speel dat die water (en sand) spat.

GROOT BRAK. Buckley geniet die uitsig nadat hy aan elke fynbosplant op die Modderas-gasteplaas geruik het.



KLEIN BRAK. Orio is 'n Biewer-terriër, 'n honderas wat nog redelik nuut in Suid-Afrika is. Hulle kom oorspronklik van Duitsland en hulle naaste familie is die Yorkshire-terriër.

**S**odra die groot rooi tas uit die kas gehaal word, begin die ore hang. Terwyl jy pak, hou Snippie jou dop en hoop jy voel te skuldig om in die pad te val... Alle honde-eienaars ken dié scenario.

Ons het twee honde: Orio (6), 'n Biewer-terriërreun, weeg net meer as 2 kg en is die baas van die huis – hoewel Buckley (2), 'n golden retrieverreun, 20 keer swaarder is. Buckley en Orio het elke dag drie hoogtepunte: etenstyd, staptyd en die belangrikste, wanneer ons saans ná werk tuis kom.

Deur die dag lê hulle in die skaduwee van die boom in die agterplaas. Nou en dan as 'n naderende motorenjin soos ons s'n klink, spring hulle op en hardloop na die agterdeur. Wanneer ons uiteindelik stilhou, word daar geblaf, getol en gegroet asof ons jare lank weg was. Die res van die aand is hulle heeltyd om ons bene.

Maar vanaand woer-woer Buckley nie by my voete nie. Vanaand sit ek en my vrou, Marilize, op die stoep van die Shadowlands-gasteplaas net buite Oudtshoorn en teug aan 'n wyntjie. In die skemerlig lyk die rooi rotsformasies aan die ander kant van die Kammanassierivier aan die brand. Kwetterende geelvinke en veereiers soek slaapplek tussen die riete.

Buckley en Orio slaap voor die kaggel. Stokflou ná twee dae van in die veld hardloop, in 'n plaasdam swem en nuwe mense ontmoet. Dís mos nou 'n hondelewe.

## ‘Klim’ pleks van ‘bly’

Deesdae kry 'n mens klere, reddingsbaadjies, siekefonds en selfs parfuim vir honde. Orio se haarknipper was duurder as myne! Vir die meeste mense is 'n hond meer as net 'n waghond; hulle raak soos jou kinders.

Jy kan mos nie twee weke op 'n dekstoel uitspan terwyl Magnus saam met 'n spul vreemde gediertes in 'n hondehotel lê nie?

Dus het ons 'n week lange vakansie deur die Klein-Karoo en Tuinroete beplan – op soek na blyplekke, eetplekke en doendinge waar vierpotiges welkom is.

**Ons eerste stop** is die Modderas-gasteplaas naby Barrydale, sowat 250 km van Kaapstad af. Die honde was krielwrig op die agtersitplek, maar toe hulle agterkom dié uitstappie gaan langer wees as net park toe, het hulle bedaar.

Modderas se huisies is nie omhein nie, maar ver genoeg van mekaar af dat jy jou nie hoef te bekommer as jou hond die veld verken nie. Jy kan op die stoep braai én 'n ogie hou oor hulle doen en late en die uitsig oor die vallei.

Die volgende oggend vertrek ons na die Shadowlands-gasteplaas naby Oudtshoorn. Ná sowat drie uur se ry en gereeld bene rek, draai ons in by die gasteplaas se ysterhekke. Ons ry verby die deftige plaasopstal met sy koipoel, donkiekrale en volstruise tot by die Kannaland-huisie teenaan die rivier.

Die rivier is byna toegegroeï met riete. Gelukkig is die plaasdam 'n klipgooi van die huis af, en soos dit enige golden retriever betaam, ploeg Buckley die water in terwyl Orio op die wal rondtrippel.

Die volgende oggend hang die mis dig in die vallei. Terwyl ons pak, moet ons keer of Buckley sny 'n lyn dam toe. Op pad uit groet ons die eienaars, Anton en Betsie Roets. “Ek hoop julle het darem die swemgat gesien?” vra Betsie. Onder die hoofhuis se grasperk loop 'n paadjie tussen die riete na 'n kuil in die rivier. Buckley kry 'n laaste swem in voor ons in die pad val.

**Die vaal Karoobossies** aan die reënkant van die Outeniquaberg maak geleidelik plek vir woude en plantasies terwyl jy oor die gelyknamige pas ry.

Net buite George draai ons af op die Saasveldpad wat aansluit by die Sewepaspedad – die ou pad tussen George en Knysna, gebou deur Thomas Bain in 1883.

Jy ry verby groot suiwelplase en klein bosbou-dorpe soos Woodville, Keurhoek en Karatara. Elke paar kilometer daal die pad af tot in die woud en steek jy 'n rivier oor op 'n eeue oue klipbruggie: Kaaimansgatpas, Silwerrivierpas, Towsrivierpas, Hoogekraalpas, Karatarapas,

Homtinipas... Elkeen van die brûe is 'n goeie plek vir beenlig.

Ná die Homtinipas vat ons die Bibby's Hoek-pad noord na die Jubilee Creek-piekniekplek in die Tuinroete- nasionale park. By die hek word daar egter 'n stokkie voor die woud gestee: Geen honde nie.

Ons maak 'n U-draai na ons blyplek vir die aand, sowat 2 km terug op dieselfde pad.

Nieu Wherry Meadow is op 'n kleinhoewe en dit lê teen die rand van die woud. Khumbo Jassie, die opsigter, en sy twee honde, 'n bokser en 'n Africanis-kruising, groet ons by die hek.

Hier is 'n omheinde grasperk vir die honde. Binne wag 'n kraffie port en twee sjokolades langs die CD-speler met 'n Pearl Jam-CD. Dis 'n uitgemaakte saak – ons bly die res van die middag net hier.

## Woewe gaan woud toe

Dis nie altyd maklik om met honde te reis nie. Wees voorbereid – jy gaan 'n paar keer weggewys word. Natuureservate laat byna nooit honde toe nie. Gidshonde mag by restaurante of winkelsentrums kom, maar jou steekhaarbrak gaan moontlik buite moet wag. Party plekke sê hulle is “hondvriendelik” en as jy daar kom, het hulle bloot hokke waarin jy jou hond kan toesluit terwyl jy koffie drink.

En dan is daar nog die bosluiskwessie waarvan ek nie gedink het nie. Sodra jou hond aan 'n bos raak, kom hy terug met bosluise. Pak dus die nodige afweermiddels in.

Hoekom dan die moeite doen om hulle saam te bring? Ná vandag weet ek hoekom. Op Knysna het ons afgekom op die Pledge-natuureservaat, 'n 10 ha-reservaat in die middel



van die dorp met 11 staproetes. Buckley en Orio het heeloggend tussen die bome, leliedamme en oranje clivias rondgejol.

Op Leisure Isle, 'n eiland in die Knysna-strandmeer naby The Heads-rotsformasie, het die honde in die Steenbok-reservaat deur 'n grasveld gesnuffel tot by die strandmeer waar hulle in die modderige water geplas het. Die reservaat beslaan omtrent 'n vyfde van die eiland, sowat 15 ha, en dis waar die plaaslike inwoners met hulle honde kom stap – toegang is gratis. En jy kry sakkies by die hek vir Wollie se landmyne.

Ná 'n dag in die buitelug slaap Buckley en Orio vanaand in 'n houthut diep in die Knysnawoud, op die Ferngully-plaas. Dis lekker om die wêreld vir jou honde te wys. >

**WATERPUNT.** Jy is nie al een wat gemaklik wil wees wanneer jy die langpad aandurf nie – jou honde wil ook. 'n Hangmat tussen die kopstutte oor die agtersitplek keer dat die sitplekke beskadig word – en dat die honde te veel rondval.

## DOEN JOU HUISWERK

Nie alle plekke is ewe troeteldier-vriendelik nie en het meestal 'n lysie voorwaardes.

**Is my hond klein genoeg?** Baie blyplekke laat nie groter honde toe nie.

**Watter honderasse is welkom?**

Daar is byvoorbeeld plekke wat nie veghonde toelaat nie. Jy dink dalk jou staffie is so mak soos 'n lammetjie, maar jy kan steeds weggewys word.

**Is daar ander honde?** Die meeste troeteldiervriendelike plekke het hulle eie honde – jou hond moet dus met ander honde oor die weg kom.

**Wat gaan pla?** Honde wat onophoudelik blaf of glipsies maak in die huis, word nie oral toegelaat nie.

**Is die plek omhein?** As jy vir 'n paar dae by dieselfde plek gaan bly en nie elke keer jou hond in die kar wil laai as jy brood gaan koop nie, is dit belangrik.

**Moet my hond gebad wees?**

Jy gaan nie in die moeilikheid kom as Wagter vanoggend deur 'n modderpoel gehardloop het nie, maar honde met vlooië en bosluise moet eers ordentlik geskrop word. Bring jou honde se beddegoed saam.

**Waar is die dokter?** Sorg dat jy weet waar die naaste veearts is en die nommer byderhand het.

**Het hy sy medisyne in?** Behandel jou honde vir bosluise vóór jy vertrek. Daar is verskillende soorte; maak seker by jou veearts wat die beste vir jou hond is.

**Is my hond toerfiks?** Honde raak gou moeg van elke aand op 'n ander plek slaap. Bly eerder langer by een of twee plekke waar daar baie dinge is vir jou hond om te doen.





SIEN JY 'N DOLFYN? By die Dolphin's Point-uitkykpunt by die Kaaimansgatpas moet jy styf aan die leiband vashou. Die verkeer is erg, en 'n golden retriever mag dalk net besluit om hom agter 'n dassie te haas.

## STRANDHONDE

Jou hond kan nie op enige strand gaan rondhol nie. Ons het 'n paar strande gevind waar jou hond steeds sy pote in soutwater kan steek. Hou by die reëls – soms moet hulle aan 'n leiband wees of hulle word net sekere tye van die dag toegelaat.

- Leisure Isle (Knysna)
- Buffelsbaai se hoofstrand (*slegs aan 'n leiband*)
- Myoli-strand (*slegs aan 'n leiband*)
- Glentana
- Stilbaai-Wes
- Kassiesbaai en Romanstrand
- L'Agulhas (*slegs aan 'n leiband*)
- Pearly Beach (*slegs aan 'n leiband*)
- Grotto-strand (*slegs aan 'n leiband*)
- Noordhoek
- Jeffreysbaai

**Hier is verskeie restaurante** in die omgewing wat honde aan 'n leiband toelaat: Smitswinkel (Oudtshoorn), Totties Farm Kitchen (Rheenen-dal), Nadine's Corner (Knysna)...

Ons hou stil by die RiverDeck-restaurant langs die Goukamarivier, net buite Buffelsbaai. Hier kan jy jou koffie drink sonder 'n hond aan 'n leiband: Buckley hop oor twee kano's water-in. Hier is nie sterk strome in die rivier nie, en geen groot paaie naby nie. Ons eet dus rustig ontbyt terwyl die honde in die water speel.

RiverDeck is nie die eerste ware troeteldier-vriendelike restaurant wat ons teëkom nie. Tussen Calitzdorp en Oudtshoorn op die R62 het ons stilgehou by die Karooboom-braai-restaurant. Buckley het dadelik op die eienaar, Neil Saayman, se skaaphond afgestorm om hallo te sê. Boelie (6 maande) het omgerol en sy maag gewys. Hondetaal vir "hier gaan nie moeilikheid wees nie". Die honde het op die erf rondgehard-loop en uiteindelik in 'n ry langs die braaivleis-vuur gesit en gewag vir 'n wegholworsie. (Al die vleis op die spyskaart word oor die kole gebraai. Neil maak al van vroeg af vuur om voor te bly.)

Terwyl die honde buite kanse gevat het met die braaiers, het Neil se vrou, Irene, 'n vuur-warm brood voorgesit met varkvet, 'n bakkie kaaings en 'n stomende koppie koffie. Heng, ek verlang reeds terug.

**Van die RiverDeck af skuif** ons Buffelsbaai toe. Hier is hope strande langs die N2, maar net 'n paar laat honde toe. By Buffelsbaai se

hoofstrand moet ons hulle aan die leiband hou, maar hulle steek vir die eerste keer poot in soutwater.

Dit is egter by Glentana, sowat 65 km wes op die N2, waar die sports begin. Hier is nie 'n bord wat honde verbied nie en ons gooi balle terwyl Buckley die branders invaar.

Die son begin sak toe ons Stilbaai binnery. As kind het ons elke Desember hier kom vakansie hou. Oor die jare heen het Stilbaai al meer soos 'n dorp begin voel, kompleet met verkeersknoppe strand toe in seisoentyd.

In die stil seisoen doen die dorp wel die naam gestand. Ons klop aan by Harbour Cottage langs die hawe. Tine-Mari van Zyl en haar jack russell kom groet in die parkeerterrein. Die selfsorghuis is bo hulle huis gebou en heeltemal omhein met 'n uitsig oor die hawe en Goukouriviermond.

Buckley staan heelaand voor die skuifdeur en tjank. Dis die eerste keer in sy lewe dat 'n swem-plek hom deur die venster roep. Teen drieuur die oggend staan ek op om die gordyne dig toe te maak sodat hy nie die maanbeligte seewater kan sien nie.

Die volgende oggend wil Buckley en Orio net water toe. Die strand oorkant die pad is die enigste strand op Stilbaai waar honde toegelaat word – hulle hol hulle gô uit voor ons vertrek.

Die maklikste pad van Stilbaai na Hermanus is N2 om, maar dit is nie die mooiste pad nie. Die netwerk grondpaaie suid van die N2 vat langer, maar dit is hier waar die Overberg sy mooiste kleure wys.

By Malgas betaal ons R50 om die hand-gedrewe pont oor die Breërvier te gebruik. Dis weer 'n geworstel om te keer dat Buckley oorboord spring.

Net buite Malgas drink die honde water uit die fontein by Breede River Trading Post. Jy kan hier vir jou pasteie, marmelade en konfyt koop.

Honde word nie binne toegelaat nie, maar ons eet roomys onder die afdak terwyl 'n spraaksame African Grey-papegaai van die stoep af kommentaar lewer.

## Die suidelikste honde in Afrika

Een van die stranddorpie Waenhuiskrans se groot trekpleisters is die Waenhuiskransgrot – en honde aan 'n leiband kan saamstap! Onge-lukkig het die gety ons ingehaal; jy kan net met laagwater daar uitkom.

Voor ons gaan uitpak by Arniston Seaside Cottages laat ons eers die honde vry op Romanstrand terwyl die son water trek. Romanstrand is nie Waenhuiskrans se enigste troeteldier-vriendelike strand nie. Ons ry die volgende

oggend tot by Kassiesbaai vir die honde se eerste stranduitstappie vir die dag.

Langs die parkeerterrein van dié strand kan jy by die Willene's Restaurant aansit vir seekos terwyl die honde langs jou aan 'n leiband lê.

**Dit is omtrent 45 minute** se ry van Waen-huiskrans tot by die kusdorp L'Agulhas. Ons hou stil by die ikoniese vuurtoring – honde aan 'n leiband welkom!

By die suidelikste punt van Afrika, sowat 800m van die vuurtoring af op 'n plankiespad, is wel 'n bord wat sê honde word nie toegelaat nie. Swarttobies broei op die strande hier rond; dus draai ons terug.

Ons koop slaptjips by L'Agulhas Seafoods in die hoofstraat en eet dit by die getypoel aan die westekant van die dorp. Hier kan die honde darem aan 'n leiband loop.

Die wind steek op en selfs die honde wil terugklim in die kar. Ons bly op die agterpaaie. Verby Voëlvleldam, Wolvengat, Die Dam, Pearly Beach...

Net buite Hermanus is die Fernkloof-natuurreservaat (18km<sup>2</sup>). Hier is vyf staproetes, waarvan die Blouroete hondevriendelik is. Die honde kry nuwe woema terwyl hulle vir sowat 'n uur by elke tweede bossie vashaak en snuffel.

Van dié wandelpad af het jy 'n uitsig oor Hermanus, Maanskynbaai en Gansbaai. Bo Gansbaai pak die wolke saam en 'n reëngordyn sleep aan oor die diepsee.

Grottostrand, sowat 3,5 km hiervandaan, is Hermanus se hondestrand. Ons spring in die motor en jaag strand toe vir 'n laaste swem.

Die plaaslike inwoners het dieselfde plan. Skaaphonde, wolfhonde en rifrûe hardloop agter balle aan en Buckley en Orio is bly om deel te wees van die jolyt. Maar net voor Buckley oor die eerste brander kon duik, begin druppels val...

Toe ons by Eastbury Cottage opdaag, sous dit behoorlik. Ons steek die kaggel aan voor ons afpak en die honde maak gou fyn snorkies voor die vuur.

Die volgende oggend reën dit steeds. Daar is min plekke wat troeteldiervriendelik én onderdak is, en ons besluit dit is tyd om terug te keer Kaap toe.

Terug by die huis storm die honde die erf binne en lig verbete been sodat al die honde in die buurt weet dis nog ons plek.

Toe die groot rooi tas weer op die bed neergesit word, is daar nie ore wat hang nie, geen poging om jou skuldig te laat voel nie. Want hulle lê styf teen mekaar opgekrul op hulle gewone plek, vas aan die slaap. >

**VELD-IN.** As jou hond by Grottostrand in die water geduik het en jy wil nie sy nat lyf terugvat na die gastehuis nie, is Fernkloof-natuurreservaat die beste plek om hom af te droog. Een van die staproetes is hondevriendelik en dit sal jou vir sowat 'n uur besig hou.





HARBOUR COTTAGE

verste van die ander af as jy bang is jou honde kuier te veel by die ander gaste (of die volstruise).

**Koste** Vanaf R700 p.n. vir 2 (slaap-plek vir 2 tot 5 mense). Etes op aanvraag.

**Waar?** Ry met Langenhovenstraat in die rigting van George. Draai links op in Onverwachtsgel net ná die treinspoor. Die plaas is ná 3,3 km aan jou regterkant.

**Kontak** ☎ 082 448 9719;

✉ anton@roetz.org

## STILBAAI

### Harbour Cottage

Dié strandhuis het 'n uitsig oor die hawe. Maak jou honde in die tuin toe terwyl jy op die stoep braai of laat hulle rondjool op die strand oorkant die pad.

**Koste** Vanaf R800 p.n. vir 2 (slaapplek vir tot 6 mense).

**Waar?** Skuitpadweg 1

**Kontak** ☎ 028 754 3122;

✉ cottages@webmakers.co.za

## WAENHUISKRANS

### Arniston Seaside Cottages

Dié witgepleisterde rietdak-huisies is stapafstand van die see af. Party het 'n uitsig oor die see terwyl ander 'n binne-hof deel waar die honde kan speel sonder om in die pad in te hardloop.

**Koste** Vanaf R360 p.p.p.n. wat deel. Die huisies wissel in grootte met slaapplek vir 2 tot 8 mense.

**Waar?** Huxhamstraat

**Kontak** ☎ 028 445 9772;

✉ arnistonseasidecottages.co.za

## HERMANUS

### Eastbury Cottages

Eastbury se vier kothuise is in 'n stil buurt, maar net 'n paar minute se ry van die middedorp af. Twee van die kothuise, Garden Cottage en Courtyard Suite, is troeteldiervriendelik en het elk- een 'n piepklein omheinde tuin.

**Koste** Vanaf R300 p.p.p.n. wat deel.

**Waar?** Luytstraat 36

**Kontak** ☎ 028 312 1258;

✉ eastburycottage.co.za



NIEU WHERRY MEADOW

**BLY HIER**

## BARRYDALE

### Modderas-gasteplaas

Die basiese huisies in die voet-heuwels van die Langeberg kyk uit oor die vallei met Barrydale in die verte. Die huisies is nie omhein nie, maar is ver genoeg van mekaar af dat jou honde nie ander gaste sal pla nie. Ry versigtig as jy na die opstal toe ry. Graham Strachan, die eienaar, het 'n skaaphond wat haar gehoor verloor het ná 'n beroerte.

**Koste** Vanaf R700 p.n. vir 2 (slaap-

plek vir 2 tot 7 mense).

**Waar?** Die afdraai is sowat 3 km wes van Barrydale op die R62.

**Kontak** ☎ 028 572 1722;

✉ modderas.co.za

## OUDTSHOORN

### Shadowlands-gasteplaas

Die plaas het vier huisies wat nie omhein is nie. Swem in 'n kuil langs die opstal of in die plaasdam, roei kano of stap tussen die volstruis-kampe. Die Kannaland-huise is die

## RHEENENDAL

### Nieu Wherry Meadow

Drie van die vier kamers is troeteldiervriendelik en het elkeen 'n omheinde tuin. Jy kan jou hond hier los terwyl jy 'n draai deur die Knysnawoud ry.

**Koste** Kamers vanaf R600 p.n. vir 2 mense. R50 ekstra per hond p.n.

**Waar?** Draai van die Reenendalpad af by die Bibby's Hoek/Jubilee Creek-bordjie. Draai ná 1,2 km links by Leeuwenbosch Estate. Die gasteplaas is ná 500 m aan jou regterkant.

**Kontak** ☎ 083 758 9338;

✉ nieu-wherry.co.za

## Fern Gully Forest Cabins

Jy stap op plankiespaaie na die houthutte in die woud. Dit is 'n rustige plek om vir een aand te oornag met jou honde, maar kan beknopt raak as jy langer bly.

**Koste** Vanaf R650 p.n. vir 2 mense.

**Waar?** Die afdraai is sowat 5 km oos van Rheenendal.

**Kontak** ☎ 082 306 4513;

✉ fern-gully.com





## EET EN KUIER HIER

### CALITZDORP

#### Karooboom-braairestaurant

Laat die braaiers vir jou 'n volstruis-kruijskyf (R100) op die kole gooi terwyl die kinders en die honde op die grasperk rondhardloop. Koop konfyt en beskuit by die padstal langs aan.

**Waar?** Sowat 20 km oos van Calitzdorp op die R62.

**Kontak** ☎ 044 007 0034;

📍 karooboom.co.za

### OUTDSHOORN

#### Smitswinkel

Hierdie bielie van 'n padstal in Oudtshoorn het nie net 'n winkel waar alles van volstruisleer tot sepie verkoop word nie, maar ook 'n restaurant, kroeg en kwekery. Hier is 'n massiewe speelplek vir kinders, en honde met 'n leiband is welkom.

**Waar?** Langenhovenstraat 45

**Kontak** ☎ 071 658 7127

### RHEENENDAL

#### Totties Farm Kitchen

Honde aan 'n leiband mag buite sit. As jy op 'n Sondag in die kontrei is, sit aan by die buffet (R150). Maak seker jy bespreek 'n tafel.

**Waar?** Sowat 1,5 km wes van Rheenendal op die Sewepassepad.

**Kontak** ☎ 044 389 0092;

📍 tottiesfarmkitchen.co.za

### KNYSNA

#### Nadine's Corner

Eet 'n aarbeikonfyt-en-roomskon (R20) onder die oeroue vyeboom voordat jy die res van die eiland te voet verken. Die Knysnastrandmeer is stapafstand van hier af.



**Waar?** Kingsweg 12, Leisure Isle

**Kontak** ☎ 044 384 1746

#### Pledge-natuurreservaat

Dié reservaat, wat in 1991 gestig is, was eers 'n baksteenfabriek en ook 'n stortingsterrein. Deesdae is dit 'n klein woud in die dorp met amper 300 plantspesies en 100 voëlspeesies, waaronder die visvalk en natuurlik die Knysnaloerie!

**Waar?** Bondstraat 10

**Koste** R20 p.p.

**Kontak** ☎ 044 382 3712;

📍 pledgenaturereserve.org

#### Steenbok-natuurreservaat

Dié reservaat is hemel vir honde. Hulle kan hier op die grasvelde, op moerasse, plankiespaaie en in die strandmeer vry rondhardloop.

**Waar?** Linksrylaan 159, Leisure Isle

**Kontak** ☎ 044 384 1896;

📍 steenboknaturereserve.org.za

#### BUFFELSBAAI

##### RiverDeck-restaurant

Die geur van roosterkoek en pizza begroet jou wanneer jy hier aankom. Honde en kinders kan heerlik

in die Goukammarivier baljaar.

**Waar?** Op die Buffelsbaaispad, 400 m nadat jy van die N2 afdraai.

**Kontak** ☎ 078 134 5873;

📍 riverdeckrestaurant.co.za

#### MOSSELBAAI

##### Delfino's

Hou die *surfers* dop terwyl jy calamari-en-tjips (R69) eet op die stoep by Die Punt. Die restaurant is reg oorkant 'n getypoel en speelplek vir die kleinspan waar jy met jou honde aan 'n leiband kan stap.

**Waar?** Puntstraat

**Kontak** ☎ 044 690 5247;

📍 delfinos.co.za

#### ALBERTINIA

##### Shell-vulstasie

Hier is 'n groot hondeplek met waterbakke, 'n drom en sakkies vir landmyne.

**Waar?** Stasiestraat

**Kontak** ☎ 028 735 1316

#### STILBAAI

##### Matchbox Trading Store & Coffee Shop

Sit binne, op die dek of in die tuin en



tuur oor die Goukourivier.

Terwyl jy wag vir jou tamatiebredie (R58), kan jy deur die twee verdiepings snuisterye in die winkel snuffel. Honde word buite en in die tuin aan 'n leiband toegelaat.

**Waar?** Uitsigstraat

**Kontak** ☎ 028 754 1445;

📍 matchboxsa.co.za

#### WAENHUISKRANS

##### Willene's Restaurant

Willene het haar huisie in Kassiesbaai omskep in 'n klein restaurant waar baaiers vinnig 'n viskoekiebrekies (R35) kan eet.

Hier word ook kunswerke van die gemeenskap verkoop. Bring kontant. Honde is buite welkom.

**Waar?** Kassiesbaai se parkeerterrein

**Kontak** ☎ 028 445 9995

#### HERMANUS

##### Europa Restaurant

Hier is nie baie plekke met sitplek vir honde in die middedorp nie. By Europa is Wagter welkom en hy kry beskuitjies en water.

**Waar?** Village Square

**Kontak** ☎ 028 312 4377;

📍 europarestaurant-hermanus.co.za

#### Fernkloof-natuurreservaat

Maak jouself by die inligtingskantoor wys oor fynbos voor jy deur die reservaat se kloue en koppe gaan stap. Hier is vyf staproetes waarvan een (die Blouroete) hondevriendelik is.

**Waar?** Firlaan

**Koste** Gratis

**Kontak** ☎ 028 313 0819;

📍 fernkloof.com